


**DIE VERBAND TUSSEN KOHERENSIE EN DIE BENUTTING  
VAN ONDERSTEUNINGSBRONNE DEUR  
EERSTEJAARSTUDENTE**

**LIESL WICKENS**

Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad van Magister in die  
Lettere en Wysbegeerte (Voorligtingsielkunde) aan die Universiteit van Stellenbosch



Studieleier: A P Greeff PhD

Desember 2000

## VERKLARING

Ek, die ondergetekende verklaar hiermee dat die werk in hierdie tesis vervat, my eie oorspronklike werk is wat nog nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige ander Universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê is nie.

**L WICKENS**

## OPSOMMING

Die hoofdoelstelling van hierdie ondersoek was om die verband te bepaal tussen studente se belewing van gesins- en persoonlike koherensie en die mate waarin studente potensiële ondersteuningsbronne benut het. 'n Sekondêre doelstelling was om die verband tussen die studente en hul ouers se belewing van die tipe hanteringstrategieë wat deur die gesin tydens krisissituasies gebruik word, te bepaal. 'n Biografiese vraelys, Benutting van bronne vraelys, Lewensoriënteringsvraelys (Orientation to life Questionnaire (OLQ)), Gesinskoherensieskaal (Family Sense of Coherence Scale (FSOC)) en 'n Gesinskrisisgeoriënteerde Persoonlike Evaluasieskaal (Family Crisis Oriented Personal Evaluation Scale (F-COPES)) is voltooi deur 145 eerstejaarstudente aan die Universiteit van Stellenbosch. Slegs die FSOC en F-COPES skale is deur ouers voltooi. Die resultate dui daarop dat daar 'n beduidend positiewe verband bestaan tussen studente se belewing van gesins- en persoonlike koherensie en die belangrikheid van die benutting van ondersteuningsbronne. Daar is gevind dat vroulike studente 'n sterker belewing van gesinskoherensie as manlike studente het. Beduidende verskille is gevind tussen die studente en hulle ouers se belewing van die tipe hanteringstrategieë wat deur die gesin tydens krisissituasies gebruik word. Beduidende verskille is gevind spesifiek tussen die studente en hulle ouers se belewing van die gesin se verkryging van sosiale ondersteuning, die mobilisering van die gesin om hulp te verkry en te aanvaar, en die gesin se passiewe waardering van 'n probleem. Die navorsingsresultate het belangrike implikasies vir die ontwikkeling en implementering van ondersteuningsgroepe asook sosiale en lewensvaardigheidsprogramme aan sekondêre en tersiêre opleidingsinstansies.

## SUMMARY

The primary aim of this research project was to determine the relationship between the way students experience family and personal coherence and the extent to which students used potential sources of support. A secondary aim was to determine the relationship between the way the students and their parents experience the type of coping strategies used by the family during crisis situations. A Biographical questionnaire, Use of Resources Questionnaire, Orientation to Life Questionnaire (OLQ), Family Sense of Coherence Scale (FSOC) and the Family Crisis Oriented Personal Evaluation Scale (F-COPES) were completed by 145 first-year students at the University of Stellenbosch. Only the FSOC and the F-COPES scales were completed by parents. The results show that there is a significant positive relationship between the way students experience family and personal coherence and the importance of using sources of support. It was found that female students have a stronger sense of family coherence than male students. Significant differences were found between the experience of students and their parents of the type of coping strategies used by the family during crisis situations. Significant differences were found specifically between the way students and their parents experience obtaining social support, mobilising the family to get and accept help and the passive appraisal of a problem. The results of the research have important implications for the development and implementation of support groups and also social and life skills programmes at secondary and tertiary training establishments.

Hierdie werk is die resultaat van 'n navorsingsprojek wat van dieselfde omvang is as wat van tesse vir 'n gerigte Meestersgraad vereis word.

Die Departement Sielkunde het die reëling dat die verslag van die navorsing in die formaat van 'n wetenskaplike tydskrifartikel mag wees.

## BEDANKINGS

Opregte waardering word teenoor die volgende persone uitgespreek:

- My studieleier, Dr. A. P. Greeff, vir sy professionaliteit en goeie leiding
- Die Universiteit van Stellenbosch vir die toestemming om eerstejaarstudente as 'n  
ondersoekgroep te gebruik
- Prof. J. S. Maritz, wat as statistiese konsultant opgetree het, vir sy kundigheid en  
belangstelling
- Mev. de Stadler, vir die taalkundige versorging
- My gesin (Pa, Ma, Michelle en Jaco), vir hul getroue ondersteuning en geloof in my
- Marike en Jó-Marie, vir hul onvoorwaardelike vriendskap en bystand
- Ons Hemelse Vader, sonder wie se liefde en genade hierdie studie nie moontlik sou wees nie

**INHOUDSOPGAWE**

|                                   |    |
|-----------------------------------|----|
| LYS VAN TABELLE.....              | ii |
| INLEIDING.....                    | 1  |
| METODE VAN ONDERSOEK.....         | 14 |
| Deelnemers.....                   | 14 |
| Meetinstrumente.....              | 14 |
| Prosedure.....                    | 17 |
| RESULTATE.....                    | 19 |
| BESPREKING EN GEVOLGTREKKING..... | 30 |
| VERWYSINGSLYS.....                | 35 |
| BYLAE 1.....                      | 40 |
| BYLAE 2.....                      | 44 |
| BYLAE 3.....                      | 58 |

## LYS VAN TABELLE

|          |  |    |
|----------|--|----|
| Tabel 1  | Die Verskille en Verband tussen Studente se Gesinskoherensie (FSOC) volgens die Belangrikheid van Ondersteuningsbronne (Bel) (n = 140).....  | 20 |
| Tabel 2: | Die Verskille en Verband tussen Studente se Persoonlike Gevoel van Koherensie (SOC) volgens die Belangrikheid van Ondersteuningsbronne (Bel) (n = 140).....  | 21 |
| Tabel 3: | Die Verskille en Verband tussen Ouers se Evaluasie van Gesinskoherensie volgens die Belangrikheid van die Ondersteuningsbronne deur die Studente (n = 140).....  | 23 |
| Tabel 4: | Resultate van 'n Tweerigting-analise van Variansie vir Manlike en Vroulike Studente se Persoonlike Gevoel van Koherensie (Totaaltellings) en die Belangrikheid van die Benutting van Ondersteuningsbronne (N = 145)..... | 24 |
| Tabel 5: | Resultate van 'n Tweerigting-analise van Variansie vir Manlike en Vroulike Studente se Evaluasie van Gesinskoherensie (Totaaltellings) en die Belangrikheid van die Benutting van Ondersteuningsbronne (N = 145).....    | 25 |
| Tabel 6: | Pearson-produkmoment-korrelasiekoëffisiënte tussen die Studente se Persoonlike Gevoel van Koherensie (SOC) en hulle Evaluering van Gesinskoherensie (FSOC) (N = 145).....  | 26 |
| Tabel 7: | Pearson-produkmoment-korrelasies tussen die Studente (N = 145) en die Ouers (N = 145) se Evaluering van Gesinskoherensie.....  | 27 |
| Tabel 8: | Pearson-produkmoment-korrelasiekoëffisiënte tussen die FSOC en F-COPES Subskaal- en Totaaltellings van die Studente (N = 145) en hulle Ouers (N = 145).....  | 28 |
| Tabel 9: | Studente (N = 145) en hul Ouers (N = 145) se Beoordeling van Gesinshanteringstrategieë.....  | 29 |



## INLEIDING

Die moderne gesin het ontwikkel tot 'n gespesialiseerde sisteem, gerig op die sosialisering van kinders en die emosionele groei en vestiging van die volwasse persoonlikheid (Cowan, Field, Hansen, Skolnick & Swanson, 1993). Aan die begin van die 21ste eeu, wat gekenmerk word as die era van gesinstransformasie en stres, is dit duidelik dat die eise en stressors waaraan alle fasette van die individuele en gesinslewe blootgestel word, ekstreem en ontwrigtend is. Nogtans funksioneer die meeste gesinne, ten spyte van die intensiteit van lewenstressors, steeds goed (Barnard, 1994; Cilliers, Viviers & Marais, 1997; Cowan et al., 1993).

Diverse gesinsvorme soos enkelouerhuishoudings, twee-ouergesinseenhede, interrassige huwelike en wat demograwe na verwys as die nuwe "stiefgesinsisteme" as gevolg van die saamwoonbeginsel, het reeds die gesinslandskap verander. Wanneer hierdie vorme verbind word met die opkoms van intergenerasie-gesinsverantwoordelikhede en die versorging van kroniese siek en gestremde persone, is dit redelik om te aanvaar dat die samelewing van die gesin verwag om bevoeg en veerkragtig ("resilient") te wees wanneer dit gekonfronteer word met uitdagings (McCubbin, McCubbin, Thompson, Han & Allen, 1997).

Die oorgang van sekondêre na tersiêre onderwys en die aanpassing daarby stel nuwe eise en uitdagings aan die individu. Dit sluit die veranderinge in woonplek (dorp of streek), lewenstatus (koshuis of privaat), sosiale verhoudings (nuwe vriendskappe), addisionele finansiële laste vir beide die gesin en individu sowel as loopbaankeuses in. Al hierdie veranderinge vereis aanpassings, 'n nuwe siening van die self en die vind van 'n plek in die fisiese en sosiale wêreld. Tog gebeur dit dat sekere individue floreer tydens stresvolle situasies terwyl ander dit problematies vind om veranderinge en stres te hanteer (Garg, 1992). Min navorsing is nog gedoen oor studente se ervaring van en aanpassing by die oorgang vanaf skool of huis na universiteit (Fisher, 1994). Die doel van hierdie ondersoek was om te bepaal die mate waartoe eerstejaarstudente eksterne en interne ondersteuningsbronne benut, bewus is daarvan, behoefte het daaraan, en of daar 'n verband tussen laasgenoemde en gesins- en persoonlike koherensie bestaan (Antonovsky & Sourani, 1988; Sagy & Antonovsky, 1992). Bevindinge kan bydra tot die ontwikkeling en implementering van intervensieprogramme soos ondersteuningsgroepe, sosiale en lewensvaardigheidsprogramme (reeds op skoolvlak) wat spesifiek gerig is op eerstejaarstudente se ontwikkelingsstadium en hulle voorbereiding vir die tersiêre onderrigfase.

Studies voltrek aan Amerikaanse universiteite beklemtoon die kwesbaarheid van eerstejaarstudente vir emosionele stres en die staking van studie. Curtis en Curtis (aangehaal in Rickinson & Rutherford, 1995) rapporteer dat stakingsyfers van eerstejaarstudente (22%) twee keer hoër is as dié van seniors (11%). Ook in Suid-Afrika staak baie eerstejaarstudente hulle studies. In Suid-Afrika was die stakingsyfers in 1999 aan vyf bekende Universiteite soos volg: Universiteit van Stellenbosch 17.1%, Vrystaat Universiteit 18.4%, Randse Afrikaanse Universiteit 27.2%, Potchefstroom Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys 28.2% en Universiteit van Pretoria 16.1% (C. Grobbelaar, persoonlike kommunikasie, 10 Oktober 2000). Rickinson en Rutherford (1995) stel dit dat eerstejaarstudente 'n hoërisikogroep vorm, en dat ondersteuningsbronne in voorkomingsgeoriënteerde programme, spesifiek gefokus op die hoërisikogroep, beskikbaar gemaak moet word. Daar moet meer aandag gegee en meer ondersteuningsbronne beskikbaar gestel word vir die “voorbereiding vir die hoër onderrigfase” sodat die student nie die universiteit met 'n gevoel van 'n agterstand betree nie. Volgens Rickinson en Rutherford behoort universiteite oriënteringsprogramme en akademiese ondersteuningsprogramme te hersien en bestaande kursusstrukture en onderrigmetodes te ondersoek om te verseker dat studente se behoeftes voldoende aangespreek word.

Die tradisionele fokus op geestesiektes en vatbaarheid (patogenese) lei tot die uitsluiting en minimalisering van sterktes en ondersteuningsbronne (“resources”) en ondermyn die ontwikkeling of verwesenliking van menslike potensiaal (Barnard, 1994). 'n Belangrike teoretiese en praktiese vraag is: Hoe is dit moontlik dat sommige mense en gesinne, ten spyte van talle stressors en lewenstrauma, oorleef en selfs groei, en wat is die manifestasie en patrone van sielkundige welstand? (Barnard, 1994; Cooper & Payne, 1991; Gallagher, Wagenfeld, Baro & Haepers, 1994; Rena, Moshe & Abraham, 1996; Wissing & van Eeden, 1997). Antonovsky (1979) verwys na hierdie vraag as die salutogenese-oriëntasie. Hiervolgens verwys die teenwoordigheid van stressors nie na 'n afwyking nie, maar eerder na 'n alomteenwoordige toestand wat vir alle lewende sisteme geld (Gallagher et al., 1994). Vanuit 'n salutogenese- (of te wel die oorsprong van gesondheid) of fortigenese- (of te wel die oorsprong van sterktes) oriëntasie, word gefokus op gesondheid, sterkpunte en kapasiteit (Cooper & Payne, 1991; Gallagher et al., 1994; Strümpfer, 1995).

Volgens Anderson (1998) was Antonovsky en Sourani (1988) se werk die enigste gepubliseerde navorsing tot op daardie stadium waarin die gesinskoherensiekonstruksie (FSOC) vermeld is. Dit blyk noodsaaklik te wees om te fokus op daardie ondersteuningsbronne of weerstandshulpbronne wat hedendaagse gesinne en individue aanwend om aan die eise van stressors te voldoen

(Antonovsky, 1979; Mcsherry & Holm, 1994). Daarom is 'n ondersoek na gesins- en persoonlike koherensie en die mate waarin eerstejaarstudente, as verteenwoordigers van hulle gesinne, ondersteuningsbronne tydens 'n ekstreme aanpassingsperiode benut asook die bepaling van die verband tussen hierdie veranderlikes, gepas en relevant (Antonovsky, 1979; Gallagher et al., 1994; Wissing & van Eeden, 1997).

Reeds in 1979 het Antonovsky 'n gesondheidsbenadering in die Sielkunde voorgestel en 'n belangrike teoretiese model oor die verband tussen stressors, hantering en gesondheid geformuleer. In 'n ondersoek na verwante konstrakte identifiseer Strümpfer (1990) die volgende vroeëre aanduidings van die salutogenese-paradigma. Hiervolgens onderskei Super (1955) tussen "hygiologie" en psigopatologie, en omskryf "hygiologie" as "the normalities even of abnormal persons, with locating and developing personal and social resources and adaptive tendencies so that the individual can be assisted in making more effective use of them" (p 266). Verder sluit Maslow (1954) se denke oor "selfaktualisering", Rogers (1959) se konsepte van "geneigdheid tot aktualisering" en die "volle funksionerende persoonlikheid" en Rotter (1954) se klem op sosiale leer, ander oorspronge van die salutogenesedenkwyses in.

Konfrontering van stressors lei tot spanning en die uitkoms, hetsy negatief, neutraal of voordelig, is afhanklik van die bevoegdheid om die spanning of stressor te hanteer (Antonovsky, 1987). Antonovsky (1979) verwys na stressors as eise wat die ondersteuningsbronne van die gesin oorskry, oftewel eise waarvoor daar geen geredelik-beskikbare of outomatiese aanpassingsrespons is nie. Antonovsky (1979) se tentatiewe antwoord op die vraag van stresshantering is geformuleer in die konsep veralgemeende weerstandshulpbronne ("generalized resistance resources" (GRR)). 'n GRR is 'n fisiese, biochemiese, kunsmatig-materiële (rykdom, status), kognitiewe (kennis, intelligensie), emosionele (ego-identiteit), waarde-ingestelde (hanteringstrategieë), interpersoonlik-verwante (vriendskappe en sosiale ondersteuning) of makrososiokulturele (geloof, kultuur en politiek) eienskap van 'n individu, primêre groep, subkultuur of gemeenskap, wat effektief funksioneer in die hantering van 'n verskeidenheid van stressors (Antonovsky, 1979).

Dohrenwend en Dohrenwend (1974) beskryf drie verdere kenmerke van veralgemeende weerstandshulpbronne:

1. Homeostatische buigzaamheid dui op die vermoë om alternatiewe soos sosiale rolle, waardes en persoonlike eienskappe van buigzaamheid, asook die persepsie van die beskikbaarheid daarvan, te aanvaar.

2. Die verbinding met betekenisvolle ander (Antonovsky, 1979) verwys na die verskynsel dat 'n persoon wat iemand het wat vir hom omgee en sorg meer geneig is om spanning voldoende op te los as diegene wat nie betekenisvolle ander het nie. Die blote wete dat ondersteuningsbronne beskikbaar is, of dit benut word of nie, vermeerder 'n individu se sterktes of krag.
3. Verder is gevind dat gemeenskapsbande 'n betekenisvolle bydrae gelewer het tot individue se vermoë om spanning te hanteer en op te los (Dohrenwend & Dohrenwend, 1974).

Die herhaalde blootstelling aan stressorervarings, die beskikbaarheid van weerstandshulpbronne, en die benutting daarvan, genereer met verloop van tyd 'n sterk gevoel van koherensie ("sense of coherence" (SOC)). Hierdie gevoel van koherensie bemagtig die individu om sekere stressors te antisipeer en meer effektief te hanteer. Dit bied dus 'n antwoord op die salutogenesevraag asook op die moontlikheid dat enigiets as 'n GRR kan funksioneer (Antonovsky, 1979, 1987; Cilliers et al., 1997). Die SOC-konstruksie is daarom van belang vir enige sosiale eenheid, individu of gesin (Antonovsky, 1979). Antonovsky (1987) definieer die konstruksie soos volg:

The sense of coherence is a global orientation that expresses the extent to which one has a pervasive, enduring though dynamic feeling of confidence that (1) the stimuli deriving from one's internal and external environments are structured, predictable and explicable; (2) the resources are available to one to meet the demands posed by these stimuli; and (3) these demands are challenges, worthy of investment and engagement. (p 19)

'n Gevoel van koherensie is met ander woorde 'n ingesteldheid op die lewe, nie 'n toestand (staat) of 'n eienskap nie (Antonovsky, 1987). Antonovsky (1987) onderskei drie komponente van die SOC, naamlik: (1) Verstaanbaarheid ("comprehensibility"), (2) Hanteerbaarheid ("manageability") en (3) Betekenisvolheid ("meaningfulness").

**Verstaanbaarheid** verwys na die mate waartoe alledaags-konfronterende stimuli, afkomstig van die interne en eksterne omgewing, geïnterpreteer word as betekenisvol, as geordende informasie wat konstant, gestruktureerd en duidelik is. **Hanteerbaarheid** verwys na die mate waartoe 'n mens bewus is daarvan dat geskikte ondersteuningsbronne, wat aan die vereistes van die stimuli kan voldoen, beskikbaar is vir gebruik. Hierdie ondersteuningsbronne kan enige persoon of instansie waarop 'n mens kan staatmaak, soos vriende, kollegas, God, geskiedenis of dokters, insluit. Deurdat 'n persoon bewus word daarvan dat hy/sy in staat sal wees om krisissituasies te hanteer met behulp van ondersteuningsbronne binne eie beheer of beskikbaar uit ander oorde, dui

op 'n sterk hanteerbaarheidsgevoel. **Betekenisvolheid** dui op 'n motiveringselement. Persone met 'n sterk SOC het altyd areas van uiterste belang in hul lewens, wat emosioneel vir hul betekenis het of sin maak. Gebeure in hierdie areas word geïnterpreteer as uitdagings, belangrik genoeg om energie en toewyding daarin te investeer (Antonovsky, 1987).

Betekenisvolheid, as maatstaf van energie en aksiepotensiaal, dien as 'n motiveringskomponent in die individu se daadwerklike oorgang tot die effektiewe benutting van ondersteuningsbronne. Verstaanbaarheid en hanteerbaarheid is afhanklik van hierdie motiveringskomponent aangesien hoë verstaanbaarheid tesame met hoë betekenisvolheid sal lei tot verhoogde hanteerbaarheid (die vind en benutting van ondersteuningsbronne) van 'n krisissituasie (Antonovsky, 1987). 'n Sterker SOC beteken nie noodwendig dat 'n persoon sy hele wêreld as verstaanbaar, hanteerbaar en betekenisvol interpreteer nie. Individue het sekere lewensareas waarbinne stres ervaar word. Buigzaamheid in hierdie areas kan 'n effektiewe manier wees om 'n koherente siening van die wêreld te behou. Dit kan gedoen word deur tydelik of permanent te onttrek uit 'n area waar die eise minder verstaanbaar of hanteerbaar word, of deur nuwe areas binne die grense in te sluit. Volgens Antonovsky is persone met 'n sterker SOC meer geneig om die aard en dimensies van 'n akute of kroniese stressor te verstaan as persone met 'n swakker SOC. Die geneigdheid om aktiwiteite wat nadelig is of 'n gevaar vir gesondheid inhou, te vermy en om proaktief toe te tree tot aktiwiteite wat gesondheid promoveer, is verder kenmerkend van 'n sterk koherensie. Persone met 'n sterker SOC is ook geneig om stressors as hanteerbaar te beskou en geskikte bronne te selekteer, eerder as om hulpeloos te wees. Hierdie persone is dus geneig om betekenis aan die stressor te gee wat die nodige motivering skep om energie daaraan te wy (Strümpfer, 1990).

Weerstandshulpbronne, algemeen of spesifiek, is slegs potensieel beskikbaar. Dit is die persoon se verantwoordelikheid om dit te soek en te benut vir die bestryding en vermindering van stres. Persone verskil in die mate waartoe hul potensiële ondersteuningsbronne deur die benutting daarvan, sal omskakel tot werklike ondersteuningsbronne, ongeag van die beskikbaarheid van die ondersteuningsbronne. Die verskil is geleë in die sterkte van die SOC. Persone met 'n sterker SOC is meer gereed en bereid om die ondersteuningsbronne wat tot hulle beskikking is te ondersoek (Strümpfer, 1990).

Strümpfer (1990) identifiseer vyf ander konstrunkte wat oorvleuel en verwant is aan Antonovsky (1987) se SOC-konstruk.

1. Die konstruk gehardheid (“hardiness”) word deur Kobasa, Maddi en Kahn (1982) omskryf as ‘n globale persoonlikheidskonstruk waar persoonlikheidseienskappe as ‘n weerstandshulpbron tydens stresvolle lewensgebeure funksioneer. Volgens Kobasa et al. bestaan gehardheid uit drie geïntegreerde komponente, naamlik: toegewydheid vs. vervreemding; kontrole vs. magteloosheid en uitdaging vs. bedreiging.
2. Die konsep van lokus van kontrole (Rotter, aangehaal in Cilliers et al., 1997) verwys na die individu se oortuiging van die interverwantskap tussen gedrag en gevolge. Interne lokus van kontrole dui op die individu se interpretasie dat gevolge van gedrag afhanklik is van eie aksies, terwyl eksterne lokus van kontrole op die individu se interpretasie van die gevolge as afhanklik van omstandighede buite die persoon dui.
3. Vermoë (“potency”) dui op ‘n meganisme wat verhoed dat spanning transformeer tot langdurige stres. Dit ontwikkel as gevolg van die suksesvolle uitkoms van vroeë ervaringe van hantering, en behels bemeesting en selfwaardering. ‘n Geskiedenis van onsuksesvolle hanteringservaringe dra by tot ‘n swakker vermoë (Strümpfer, 1990).
4. Colerick (aangehaal in Strümpfer, 1990) het eienskappe van stamina in bejaarde persone wat emosionele buigsaamheid (“resiliency”) getoon het, ondersoek. Hy omskryf dit soos volg:

Elderly with high stamina for managing change have learned through the years that change is inevitable, challenging and manageable ... triumph perceptions in later life flow from years of success in acting on the environment. In old age, these individuals look beyond age-related limitations for new ways to use energy—increasing understanding, extending skills, discovering more abilities. (p 273)

5. Vaardighede en selfbeheergedrag, bestaande uit drie fases naamlik: verteenwoordiging, evaluering en aksie, is deur Rosenbaum (aangehaal in Strümpfer, 1990) bygevoeg tot die definisie van aangeleerde vindingrykheid. Aangeleerde vindingrykheid word beskryf as ‘n persoonlikheidsamestelling en nie ‘n persoonlikheidseienskap nie. Hierdie samestelling bestaan uit komplekse gedrag, kognisies en gevoelens wat voortdurend in interaksie is met die persoon se fisiese en sosiale omgewing. Hierdie interaksies voorsien die basis vir verdere leer.

Die SOC is nie 'n hanteringstrategie of 'n basis vir die voorspelling van owerde gedrag nie, maar gee wel 'n aanduiding van die kwaliteit van gedrag (Antonovsky, 1993a). Die persoon met 'n sterk SOC sal in ooreenstemming met die aard van die stressor, geskikte ondersteuningsbronne benut om die stressor teen te staan of te vermy. Dit is die sleutel tot suksesvolle konflikhantering. Die sosiale aard van die SOC is geleë in die bemagtiging van die individu (wat 'n verskeidenheid ondersteuningsbronne tot sy beskikking het) en die gesamentlike hantering (as gesin) van die stressors (Antonovsky, 1993a). Persone met 'n sterk SOC is geneig om struktuur aan 'n situasie te gee, geskikte veralgemeende weerstandshulpbronne te vind, in selfwerkzaamheid te glo en om die uitdaging van die situasie te aanvaar. Daarteenoor is persone met 'n swak SOC geneig om chaos in situasies waar te neem en 'n gevoel van hopeloosheid te ervaar (Antonovsky, 1987).

Die vraag ontstaan of 'n groep, soos 'n gesin, die "wêreld as koherent kan ervaar", en "een verstand het wat ervaar" (Antonovsky, 1979; 1987). Sagy (aangehaal in Antonovsky, 1998) argumenteer dat die frase, "the individual sees the world as coherent", net so 'n abstraksie van wat "objektiewe realiteit" is, as wat die frase "the family sees the world as coherent" (p 18), is. Die meeste teorieë oor stresreaksie en hantering het op die individu gefokus, terwyl die groter sosiale konteks geïgnoreer is (Sagy & Antonovsky, 1992). Die individuele SOC-maatstaf is in talle studies reeds gebruik om die effek wat die SOC op gesinslewe het, te beskryf (Anderson, 1998). Sagy en Antonovsky (1992) het gevind dat dit voldoende is om die SOC-telling van een gesinslid of die aparte tellings van verskeie gesinslede te verkry, om sodoende die gesin se gesamentlike siening van gesinskoherensie te bepaal. Moos en Moos (aangehaal in Antonovsky & Sourani, 1988) definieer gesinskoherensie as die gesin se beoordeling van die algehele omstandighede. Klem word geplaas op veral die gesin se funksionering binne die gemeenskap waarin hul woon, die gesin se gevoel dat hulle lewensomstandighede kan voorspel en hanteer en die gevoel van beheer en vertroue wat die gesin ten opsigte van huidige en toekomstige gebeure het. Gesinskoherensie kan gesien word as 'n gesinsweerstandshulpbron teen die impak van stres en krisis op die gesin, en het 'n invloed op die lewenskwaliteit van die gesin (Anderson, 1998). Lavee, McCubbin en Olson (aangehaal in Anderson, 1998) het bevind dat gesinskoherensie as 'n stresbuffer kan dien. Patterson en Garwick (1998) meen dat 'n gesin se wêreldbeskouing dui op 'n gesin se gedeelde oriëntasie tot die wêreld, hoe realiteit interpreteer word, wat die kernaannames oor hul omgewing is en wat hul eksistensiële geloofsoortuigings, soos die gesin se plek en doel in die lewe, is.

Daar bestaan twee benaderings tot die bestudering van gesinskoherensie, naamlik die holistiese benadering wat ekstern en objektief gedoen word (Reiss & Oliveri, 1980) en die interne en subjektief-reduksionistiese benadering wat gesinslede het (Sagy & Antonovsky, 1992). Die metodologiese oplossing vir die probleem van die bestudering van gesinskoherensie was om selfterugvoer van die SOC van individuele gesinslede te verkry en om dan 'n kollektiewe maatstaf, gebaseer op die interverwantskappe van die individuele persepsies, te bou. Die konsensusmodel is gebaseer op die aanname dat ooreenstemming (saamstem) tussen gesinslede hul hanterings- en weerstandsvermoë verbeter (Sagy & Antonovsky, 1992). Antonovsky en Sourani (1988) beweer dat die gebrek aan ooreenstemming tussen gesinslede 'n aanduiding kan wees van 'n swak SOC. Die operasionele maatstaf wat hier van toepassing is, is dus die absolute gaping tussen gesinslede se SOC-tellings. Gesinne wat ooreenstem ten opsigte van hul evaluasie van hulle gesinskoherensie as sterk, beskik oor 'n sterk gesinskoherensie, terwyl gesinne wat ooreenstem ten opsigte van hul evaluasie van hulle gesinskoherensie as swak, oor 'n swakker gesinskoherensie beskik, ten spyte van ooreenstemming (Sagy & Antonovsky, 1992).

In Antonovsky en Sourani (1988) se studie van 60 getroude Israeliese mans wat ongeskik verklaar is as gevolg van siekte of besering, is die SOC-konstruksie gebruik om die mate van aanpassing te ondersoek. Daar is bevind dat wanneer gesinslede se SOC-tellings ooreenstem, dit dui op gesinskoherensie. Konsensus oor die beskouing van die wêreld as nie-koherent, kan egter moontlik dui op orde (Antonovsky & Sourani, 1988). Die resultate van die studie ondersteun die hipotese dat gesinne met 'n sterk SOC meer geneig sal wees om goed aan te pas en 'n hoë vlak van reorganisasie te bereik na 'n krisisperiode.

In die gesin se aanpassing by, en hantering van probleme kan twee evalueringvlakke onderskei word, naamlik (a) gesinskema en (b) gesinsparadigma. Hierdie evalueringvlakke dui op die wyse waarop gesinne betekenis gee aan stresvolle gebeure en gesinsprobleme. Dit blyk 'n kardinale rol te speel in die vorming van 'n gesin se response en strategieë om krisissituasies te hanteer (McCubbin, Thompson, Thompson, Elver & McCubbin, 1998). Volgens McCubbin et al. (1998) is die ontwikkeling van die gesin se stabiliteit, ondersteuning en die hanteringstrategieë wat gebruik word tydens krisissituasies 'n produk van sosio-kulturele invloede wat van een generasie tot 'n volgende oorgedra word. Daar word dus van die veronderstelling uitgegaan dat 'n tipe hanteringstyl moontlik in 'n gesin aangeleer word. Indien die ouers en die kinders nie saamstem oor die gebruik van die hanteringstyle nie, kan dit beteken dat die aanleer van 'n styl hoogstens kan plaasvind op grond van subjektiewe beoordeling en die waarde wat daaraan geheg word. Volgens McCubbin et al. (1998) geskied die gesinsevalueringproses in die volgende



dalende vlakke van abstraksie: (5) gesinskema, (4) koherensie (soos reeds bespreek), (3) paradigmas, (2) situasionele beoordeling en (1) evaluering van 'n stressor. Die gesinskema is die veralgemeende struktuur bestaande uit gedeelde waardes, geloofsoortuigings, doelstellings, verwagtinge en prioriteite waardeur informasie en ervarings vergelyk, gefilter en geprosesseer word. Die gesinsparadigma is 'n model bestaande uit gedeelde geloofsoortuigings en verwagtinge, ten einde die gesin se ontwikkeling van spesifieke funksioneringspatrone rondom spesifieke areas van gesinslewe (byvoorbeeld werk, kommunikasie, religieuse oriëntasie) te rig (McCubbin et al., 1998).

McCubbin et al. (1998) het in 'n studie van 155 Hawaise Inboorlinggesinne se gesinsbeoordelingsprosesse gefokus op die verwantskap tussen etniese oriëntasie, koherensie en gesinsfunksionering. Daar is bevind dat koherensie instrumenteel is en op 'n indirekte wyse gesinsdisfunksie verander. Verder is bevind dat gesinskema 'n belangrike rol speel in die gesin se aanpassing deur die vorming en ontwikkeling van ander weerstandsbronne en deur die handhawing van die gesin se gevoel van koherensie. McCubbin et al. se studie ondersteun drie algemene aspekte van Antonovsky (1987) se siening, naamlik dat die kwaliteit en struktuur van die gesinskema:

1. 'n gesin se beoordeling van die krisissituasie verbeter,
2. die gesin se hanteringsgedrag en strategieë wat gebruik word in die bestuur van stressors verbeter, en
3. die gesinseenheid se poging om betekenis aan die veranderinge te gee en sodoende 'n gevoel van koherensie ("sense of coherence") in die gesinseenheid te versterk, promoveer (McCubbin, McCubbin & Thompson, 1993).

Ten einde die aanpassing van gesinne en individue tydens krisissituasies te ondersoek, kan die dubbele ABCX-model (Lavee, McCubbin & Patterson, 1985) gebruik word. Die dubbele ABCX model van gesinstres en -aanpassing is 'n voortbouing op Hill (1949) se ABCX-model van gesinstres en -krisis. Hierdie uitgebreide model slaag in 'n groter mate daarin om aanpassings ná 'n krisis te beskryf. Dit neem ander lewensgebeure, of veranderinge wat terselfdertyd op die gesin se ondersteuningsbronne begin staatmaak, die uitkomst van gesinsprosesse, en die tussentredende faktore vir aanpassing (soos gesinsbronne, koherensie, en verwante hanteringstrategieë), in ag (Lavee et al., 1985). Addisionele stressors (aA), soos vereiste rolveranderinge, vorige onopgeloste spanning en onduidelike intragesinsgrense word "pile-up" stressors genoem en tree in interaksie met die gesin se aanpassingsvermoë. Aanpassingsbronne (bB) verwys na beide bestaande en uitgebreide bronne wat ontwikkel en versterk word in respons

op die vereistes van die stressorgebeurtenis. Hierdie bronne bring bemiddeling tussen die ophoop van vereistes en aanpassing, en sluit alle faktore in wat die gesin se vermoë om aan te pas, beïnvloed. Die aanpassingsbronne van die gesin kan saamgestel wees uit: (a) persoonlike bronne, byvoorbeeld, selfbeeld; (b) gesinsisteem bronne, kohesie, en kommunikasie; en (c) sosiale ondersteuning, byvoorbeeld, 'n netwerk waarbinne die gesin versorg, liefgehê, van waarde geag word, en waar geborgenheid ervaar word (Lavee et al., 1985). Die cC-faktor verwys na die gesin se algemene persepsie ten opsigte van die algehele omstandighede. Antonovsky (1979) beskryf hierdie oriëntasie as die dinamiese gevoel van vertrouwe dat eksterne en interne omgewings voorspelbaar is. Koherensie word beïnvloed deur die ervarings van die gesin in beide die interne omgewing (soos waargenome sterktes) en die kummulatiewe effek van die ervarings (positief en negatief) met die eksterne omgewing. Hierdie koherensie vorm die betekenis wat die gesin aan die totale situasie gee. Koherensie is dus 'n fasiliteerder van die gesin se aanpassingskrag. Gesinaanpassing (xX) is die uitkoms van die gesin se prosesse in respons op die krisissituasie en ophoping van eise (Lavee et al., 1985).

Die dubbele ABCX-model is empiries getoets met Amerikaanse weermaggesinde wat hervestig is. Daar is gevind:

1. dat die vlak van aanpassing positief beïnvloed is deur gesinsisteem-hulpbronne, sosiale ondersteuning en koherensie, en negatief beïnvloed is deur streservarings (hervestiging, lewensgebeure, en inspanning),
2. dat die gevoel van koherensie (SOC) positief beïnvloed is deur twee hulpbronveranderlikes, naamlik sosiale ondersteuning en gesinsbronne, en negatief beïnvloed is deur twee stressorveranderlikes, naamlik lewensgebeure en hervestigingspanning, en
3. dat gesinsisteem-hulpbronne aanpassing direk beïnvloed het, asook indirek as gevolg van 'n effek op koherensie en inspanning.

Sosiale ondersteuning het 'n direkte effek gehad op die gesin se aanpassing by die ophoop van eise, sowel as 'n addisionele indirekte effek deurdat dit die hoeveelheid inspanning wat nodig is verminder of versag het en die gevoel van koherensie positief beïnvloed het (Lavee et al., 1985).

Volgens kognitiewe stressteorieë is die impak van stres op effektiewe funksionering afhanklik van die beskikbaarheid van hanteringshulpbronne. Navorsers onderskei tussen intrapersoonlike en ekstrapersoonlike hulpbronne (Stroebe & Stroebe, 1995). **Intrapersoonlike hulpbronne**, soos gehardheid (Kobasa et al., 1982) en 'n optimistiese ingesteldheid (Stroebe & Stroebe, 1995) is die persoonlikheidseienskappe, vermoëns en vaardighede wat die individu in staat stel om die

streservaring te hanteer. **Ekstrapersoonlike hulpbronne** is finansiële hulpbronne en sosiale ondersteuning en is potensieel bruikbaar vir die verligting van stres (Stroebe & Stroebe, 1995).

Beperkte navorsing is nog oor gesinskoherensie as 'n gesinsweerstandshulpbron gedoen (Antonovsky & Sourani, 1988). Sagy en Antonovsky (1992) het 'n ondersoek gedoen met 226 middelklas, afgetrede, Israeli egpare. Daar is bevind dat die gesinskoherensie nie dieselfde is as dié van die individuele gesinslede nie. Dit is belangrik om te onthou dat 'n gesamentlike oriëntasie 'n abstrakte konsep is wat nie so duidelik soos 'n individuele oriëntasie ondersoek en geobserveer kan word nie (Sagy & Antonovsky, 1992). 'n Sterk gevoel van koherensie in beide kongruente gesinne (waar gesinslede almal hoë of almal lae individuele koherensietellings aandui) en inkongruente gesinne (waar een gesinslid 'n hoë en 'n ander lid 'n lae individuele koherensietelling aandui) was 'n konstante voorspeller van aanpassing. Wanneer een gesinslid 'n hoë en 'n ander gesinslid 'n lae koherensietelling aandui, word die hoë koherensietelling altyd as die beslissende faktor vir effektiewe gesinsaanpassing gebruik. As daar dus 'n individuele lid van die gesin is met 'n sterk gevoel van koherensie, voorsien hierdie individu die ondersteuning deurdat hy die beskikbare ondersteuningsbronne wat nodig is vir suksesvolle hantering van stressors deur die gesin, benut (Sagy & Antonovsky, 1992).

Anderson (1998) het gesinskoherensie as 'n gesinsweerstandshulpbron ondersoek met die doel om te bepaal wat die verhouding tussen gesamentlike gesinskoherensie en die lewenskwaliiteit van die gesin na die diagnosering van 'n siektetoestand is. Die ondersoekgroep het bestaan uit 59 dubbelouergesinne, 10 gesinne waarvan die ouers saamgewoon het en 9 enkelouergesinne. Gesinskoherensie was die veranderlike wat die sterkste positiewe korrelasie ( $r = 0.55$ ;  $p < 0.0001$ ) met die gesin se lewenskwaliiteit getoon het. Daar is verder bevind dat gesinskoherensie verband hou met die gesin se veerkragtigheid ("resiliency") in die teenwoordigheid van stressors en dat dit die impak van stres op die gesin versag het deurdat dit die direkte invloed van siekte op die lewenskwaliiteit van die gesin gehalveer het (Anderson, 1998).

In 'n studie met enkelmoeders van gestremde kinders is gevind dat die gevoel van koherensie (SOC) positief verband gehou het met die benutting van verskeie interne en eksterne ondersteuningsbronne (Gottlieb, 1998). Moeders met 'n sterk gevoel van koherensie het 'n hoër inkomste- en opvoedingsvlak gehad as moeders met 'n lae gevoel van koherensie, en het ook meer hanteringstrategieë gebruik. Die mate van sosiale ondersteuning, as 'n eksterne bron, het ook verband gehou met die mate van koherensie in die enkelmoeders. Moeders met 'n hoë sin van koherensie het groter ondersteuningsnetwerke gehad. In aansluiting met Antonovsky (1979)

se siening is daar 'n positiewe verband gevind tussen die gevoel van koherensie (SOC) en die verskeidenheid hanteringstrategieë wat deur enkelmoeders met die versorging van hul gestremde kind(ers) benut is. 'n Verdere verband is gevind tussen die gevoel van koherensie en die gereeldheid waarmee hierdie enkelmoeders hanteringstrategieë benut het (Gottlieb, 1998).

Rubenstein, Heeren, Housman, Rubin en Stechler (1989) het risiko- en beskermende faktore in hoërskoolleerlinge met selfmoordneigings ondersoek. Met lewenstres en depressie as onafhanklike risikofaktore, is gevind dat gesinskoherensie stres afweer of teenwerk. Hoërskoolleerlinge wat gesinslewe in terme van 'n hoë mate van wedersydse betrokkenheid, gedeelde belangstellings en emosionele ondersteuning beskryf het, was minder geneig om selfmoordgedrag te openbaar as adolessente (en vroeë volwassenes) uit minder koherente gesinne met dieselfde vlakke van depressie of lewenstres (Rubenstein et al., 1989).

Fisher en Hood (1987) en Fisher (1994) beweer dat oorgang (byvoorbeeld vanaf hoërskool na universiteit) 'n verplasing veroorsaak in die hoeveelheid beheer wat die individu oor die nuwe situasies en vereistes het. Die gevolg hiervan is 'n toenemende ervaring van bedreiging aangesien die individu onseker voel oor die mees geskikte hanteringsgedrag vir die veranderde omgewing. Daar is dus 'n "oordrag" van geskikte hanteringstrategieë wat die bron en struktuur van beheer vir toekomstige situasies voorsien. Alhoewel hierdie struktuur beskou kan word as 'n oriënteringsmeganisme vir aanpassing, kan dit gebeur dat die individu aanvanklik gedisorïenteer is en gereguleer word deur vorige gedrag, en nie in staat is om die vereistes van die nuwe omgewing te hanteer nie. Sommige studente word genoodsaak om ook aan te pas by 'n nuwe kulturele klimaat wat ander tale, gedrag en sosiale tradisies insluit (Fisher & Hood, 1987; Fisher, 1994). In 'n ondersoek na eerstejaarstudente se ervarings tydens hul eerste sewe weke aan 'n universiteit, is gevind dat studiestaking nie uitsluitlik aan akademiese mislukking toegeskryf kon word nie (Rickinson & Rutherford, 1995). Die volgende redes is aangevoer vir die staking van studie:

1. ontbreking van bevoegdheid om nuwe uitdagings te hanteer,
2. teleurgesteldheid in die kursusinhoud,
3. onvoorbereidheid op die emosionele en ontwikkelingstake van 'n nuwe lewe aan 'n universiteit, en
4. welsynsoorweginge (byvoorbeeld studieskuld).

Die meerderheid “laerisikostudente” was positief oor hul eerste sewe weke aan die universiteit en het die ondersteuningsbronne beskikbaar aan die universiteit sowel as sosiale ondersteuningsstelsels (vriende) voldoende benut. Die “mediumrisikostudente” en “hoërisikostudente” het meer probleme met hul kursusse en met die skeiding van hul ouerhuise ervaar. Ten minste ‘n derde van hierdie “medium- en hoërisikostudente” het geensins om hulp by enige hulpbron tydens hul krisisbeleving gesoek nie. Hierdie bevinding ondersteun die teorie dat gebrekkige toewyding en gebrekkige hanteringshulpbronne verwant is. Die vermoë om moeilikhede te identifiseer en geskikte hulp daarvoor te soek en te benut, is ‘n aanduiding van die besit van hanteringshulpbronne. Indien ‘n individu se interne ondersteuningsstelsel sterk genoeg is, is die persoon in staat om ‘n balans tussen behoefte aan sekuriteit (afhanklikheid) en behoefte aan outonomieit (onafhanklikheid) te handhaaf. “Hoërisikostudente” se normale hanteringsmeganisme soos die soeke na geskikte hulpverlening, is ondermyn deur hul vlakke van angstigheid en ongelukkigheid (Rickinson & Rutherford, 1995).

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat daar ‘n verband tussen gesins- en persoonlike koherensie en die mate van ondersteuningsbronbenutting bestaan. Dit is verder duidelik dat die individuele gevoel van koherensiekonstruksie (SOC) toepaslik is op die gesinsstelsel en dat daarna verwys kan word as ‘n gesinskoherensiekonstruksie (FSOC). Die hoofdoel van hierdie ondersoek was om die verband tussen gesins- en persoonlike koherensie en die mate waarin eerstejaarstudente eksterne en interne ondersteuningsbronne tydens krisissituasies benut, te bepaal. Verder is bepaal van watter tipe hanteringsstrategieë studente en hul ouers gebruik maak en of daar enige verband daartussen bestaan. Aangesien dit uit die voorafgaande duidelik is dat hierdie ondersoek gepas en relevant is, is daar verder gekyk hoe die studente hulself en hul gesinne ten opsigte van die beleving van koherensie beoordeel en hoe dit verband hou met hul gebruik van ondersteuningsbronne.

## METODE VAN ONDERSOEK

In hierdie eksploratiewe dwarsnit-ondersoek is 'n eenmalige opname gedoen om die verband te bepaal tussen gesins- en persoonlike koherensie, as weerstandshulpbronne, en die mate waarin eerstejaargestudente van eksterne en interne weerstandshulpbronne of ondersteuningsbronne (GRR's) gebruik maak.

### Deelnemers

Die ondergroep het bestaan uit 145 manlike en vroulike eerstejaargestudente wat aan die volgende kriteria moes voldoen: Studeer vir die eerste keer aan 'n tersiêre instansie (Universiteit van Stellenbosch), neem Sielkunde as vak, val in die ouderdomsgroep 18 jaar tot 21 jaar, en is ongetroud. Van die 145 deelnemers was 80 (55%) 19 jaar oud, 40 (28%) 18 jaar oud, 22 (15%) 20 jaar oud en 3 (2%) 21 jaar oud. Honderd en sestig deelnemers (80%) was Afrikaans (die totale aantal Afrikaanssprekende eerstejaars aan die Universiteit van Stellenbosch (US) 68.4%), ses en twintig (18%) Engels (US eerstejaars: 27.2%) en drie deelnemers (2%) het 'n ander taal aangedui (US eerstejaars: 3%). Volgens die gegewens was daar meer deelnemende damestudente ( $n = 122$ , 84%) (US eerstejaars: 1960, 54.51%) as manstudente ( $n = 23$ , 16%) (US eerstejaars: 1636, 45.49%).

Die ouers van die deelnemers is ook in die ondersoek betrek. Die ontwikkelingsfases van die deelnemende gesinne het gewissel van Fase 3 (gesinne met skoolgaande kinders) tot Fase 5 (gesinne in die lanseringsfase) (Olson et al., 1982). Ongeveer dubbeld soveel moeders ( $n = 98$ , 67.6%) as vaders ( $n = 46$ , 31.7%) het aan die ondersoek deelgeneem. Een ouerpaar (0.68%) het die vraelyste saam voltooi. Dit was die oorgrote meerderheid deelnemende ouers se eerste huwelik ( $n = 124$ , 86%), nege ouers was geskei (6%), sewe moeders was weduwees (5%) en vyf ouers was in hersaamgestelde gesinne (3%). Wanneer die studente se gemiddelde ouderdom ( $\bar{X} = 18.9$ ,  $SA = 0.71$ ) in ag geneem word, plaas dit die deelnemende gesinne in die lanseringsfase (Fase 5) van gesinsontwikkeling (Olson et al., 1982).

### Meetinstrumente

Vyf meetinstrumente is in die ondersoek gebruik. 'n Biografiese vraelys is ontwerp om:

1. die ouderdom van die student, huisadres van die ouer(s), geslag en moedertaal van die student, studente-adres (koshuis, privaatwyk, of pendelaar), akademiese jaar en huidige kursus van die student vas te stel, en

2. die persoonlike en huislike agtergrond byvoorbeeld die aantal kinders in die gesin en posisie van die deelnemer in die gesinshiërargie, asook die geslag, ouderdom en die huwelikstatus van die ouer(s) te bepaal.

Die **Benutting van bronne** vraelys is saamgestel vir die identifisering en die bepaling van die mate waarin studente van eksterne en interne ondersteuningsbronne tydens persoonlike probleem of krisissituasies gebruik gemaak het (vergelyk Bylae 1). 'n Lys van moontlike bronne is in die vraelys gegee. Deelnemers moes die belangrikheid van die ondersteuningsbron op 'n 5-punt Likert-tipe skaal aandui, waar 1 = geensins belangrik en 5 = uiters belangrik is. Indien die deelnemer nog nie gedurende die voorafgaande semester 'n krisissituasie beleef en bronne benut het nie, moes hy/sy aandui watter bronne hy/sy sou benut het. Verder is die vraelys ook gebruik om te bepaal watter ander (nie aangeduide) bronne die student reeds benut het, of sou benut, en aan watter ondersteuningsbronne daar 'n behoefte op kampus bestaan.

Die gevoel van koherensie (SOC) is met die **Lewensoriënteringsvraelys (Orientation to life Questionnaire (OLQ))** (Antonovsky, 1987) geëvalueer. Die vraelys bestaan uit 29 items wat die individu se globale oriëntasie ten opsigte van hantering ("coping") evalueer. Deelnemers dui op 'n 7-punt Likert-tipe skaal aan of hul heelhartig met die waardestelling saamstem, of geensins saamstem nie. Die OLQ bestaan uit drie subskale naamlik: verstaanbaarheid ("comprehensibility"), hanteerbaarheid ("manageability") en betekenisvolheid ("meaningfulness"). 'n Hoër telling is aanduidend van 'n sterker "sense of coherence" (Antonovsky, 1987). Die skaal bevat 11 verstaanbaarheids-, 10 hanteerbaarheids-, en 8 betekenisvolheidsitems. Dertien van die items is "negatief" geformuleer en omgekeerde waardetoekenning word toegepas sodat 'n hoër telling altyd verteenwoordigend is van 'n sterk SOC (Antonovsky, 1993b).

Die gemiddelde interne konstantheidskoeffisiënt (Cronbach Alpha) in 26 verskillende ondersoeke was .89 (Antonovsky, 1993b). Toets-hertoets-betroubaarheidskoeffisiënte na 2 weke van .91 (Rádmacher & Sheridan, aangehaal in Antonovsky, 1998) en .97 na 6 weke (Wissing, De Waal & De Beer, 1992) is vir die volle skaal gerapporteer. Om die konstrugeldigheid van die SOC-skaal te bepaal is 'n 22-itemskaal deur Rumbaut en kollegas (Antonovsky, 1993b) ontwerp. In 'n studie met 336 voorgraadse studente aan die Universiteit van Kalifornië is 'n korrelasie tussen die 22-itemskaal en die SOC-29-itemskaal van .64 gerapporteer. Dana, Hoffman, Armstrong en Wilson (aangehaal in Antonovsky, 1993b) rapporteer in 'n studie met 179 Amerikaanse voorgraadse studente 'n korrelasie van .72 tussen die 22-itemskaal en die SOC-29-itemskaal.

Om die vlak van gesinskoherensie ten opsigte van die interne en die eksterne omgewing te meet, is die **Gesinskoherensieskaal (Family Sense of Coherence Scale(FSOC))**, (vergelyk Bylae 2) bestaande uit 26 semanties-differensiële items (7-punt Likert-tipe skaal) gebruik (Antonovsky & Sourani, 1988). Gesinskoherensie verwys na 'n oriëntasie tussen gesinslede dat eksterne en interne stimuli gestruktureerd en voorspelbaar is, dat weerstandshulpbronne beskikbaar is vir die hantering van die stimuli, en dat die lewenseise waardige uitdagings is. Die teorie onderliggend aan die FSOC stel dit dat hoe hoër die gesinskoherensie is, hoe beter is die aanpassing, of tevredenheid met die aanpassing by die gesin se eksterne en interne omgewings. Die FSOC-skaal bestaan uit die subskale verstaanbaarheid ("comprehensibility"), hanteerbaarheid ("manageability") en betekenisvolheid ("meaningfulness"). Onderliggend aan elke item is die mate waarin die respondent die wêreld as verstaanbaar, hanteerbaar en betekenisvol interpreteer (Antonovsky & Sourani, 1988). Die skaal bevat ag verstaanbaarheids-, nege hanteerbaarheids-, en nege betekenisvolheidsitems. Veertien van die items is "negatief" geformuleer en omgekeerde waardetoekenning word toegepas sodat 'n hoë telling altyd verteenwoordigend is van 'n sterk FSOC (gesinskoherensie). 'n Interne konstantheidskoëffisiënt (Cronbach Alpha) van  $r = .92$  word vir die volle skaal gerapporteer (Antonovsky & Sourani, 1988). Ten opsigte van geldigheid van die FSOC-skaal is 'n hoë korrelasie van .71 tussen die FSOC- en gesinsaanpassingskale gerapporteer. Ofskoon die skale oënskynlik konseptueel en empiries twee verskillende konsepte meet, is daar itemsgewys groot ooreenstemming. Beide skale korreleer ook sterk met tellings van algehele gesinsaanpassing (Antonovsky & Sourani, 1988).

Die **Gesinskrisisgeoriënteerde Persoonlike Evaluasieskaal (Family Crises Oriented Personal Evaluation Scales (F-COPES))** (vergelyk Bylae 3) is gebruik om effektiewe probleemoplossings- en gedragstrategieë wat deur gesinne tydens krisissituasies aangewend word, te identifiseer (McCubbin, Larsen & Olson, 1982). F-COPES is gebaseer op die hanteringsdimensies van die Dubbele ABCX-model. Die instrument fokus op twee vlakke van interaksie soos ook in die Dubbele ABCX-model vervat, naamlik: (1) individu tot gesinsisteam: die wyse waarop 'n gesin krisisse en probleme tussen die gesinslede intern hanteer en (2) gesin tot sosiale omgewing: die wyse waarop 'n gesin probleme buite die grense, maar wat steeds die gesinseenheid beïnvloed, ekstern hanteer. F-COPES bestaan uit dertig 5-punt Likert-tipe items. Hoër punte dui op positiewe hanteringsgedrag. Die skaal bestaan uit vyf subskale wat weer in twee dimensies ingedeel is naamlik: (a) interne gesinshanteringstrategieë, en (b) eksterne gesinshanteringstrategieë. Interne gesinshanteringstrategieë definieer die wyse waarop individuele gesinslede krisisse hanteer deur gebruik te maak van ondersteuningsbronne binne die



nukleêre gesinsisteem. Eksterne strategieë verwys na die aktiewe gedrag wat die gesin aanneem om ondersteuningsbronne buite die nukleêre gesinsisteem te verkry (McCubbin et al., 1982).

Die interne strategieë is:

1. herformulering of herdefiniëring van die probleem in terme van die betekenis wat dit vir die gesin het (positief, negatief of neutraal) (Cronbach Alpha  $r = .64$ ), en
2. passiewe waardering, die gesin se geneigdheid om niks aan krisissituasies te doen nie. Hierdie vermydingsrespons is gebaseer op 'n gebrek aan vertroue in eie vermoë om die uitkoms te wysig (Alpha  $r = .66$ ).

Die eksterne strategieë is:

1. die verkryging van sosiale ondersteuning, byvoorbeeld van vriende (Alpha  $r = .74$ ), familieledede (Alpha  $r = .86$ ) en bure (Alpha  $r = .79$ );
2. die soeke na religieuse ondersteuning (Alpha  $r = .87$ ); en
3. die mobilisering van die gesin om hulp te verkry en te aanvaar (byvoorbeeld professionele hulp en die gebruik van gemeenskapsbronne) (Alpha  $r = .70$ ).

F-COPES is ontwerp om die gesin se bronne en hul persepsie van die betekenisvolheid van gebeure tot hanteringstrategieë te integreer (McCubbin et al., 1982). 'n Toets-hertoetsbetroubaarheidskoëffisiënt van .71 is na vyf weke gerapporteer. 'n Alpha-betroubaarheidskoëffisiënt van .77 is vir die totale skaal gerapporteer (Reis & Heppner, 1993).

## Prosedure

Skriftelike toestemming is van die Registrateur van die Universiteit van Stellenbosch verkry om die studie in samewerking met die Departement van Sielkunde te doen. Eerstejaarsielkundelesings word vir drie groepe aangebied. 'n Dag is gekies waarop al drie groepe 'n lesing sou hê. Tydens hierdie geleentheid is studente aan die projek bekend gestel, is hulle ingelig dat toestemming verleen is dat die navorsing gedoen mag word en is vrywilligers gevra om deel te neem. Vertroulikheid is verseker waarna studente wat nie aan die insluitingskriteria voldoen het nie asook die wat nie wou deelneem nie, die geleentheid gegee is om die lokaal te verlaat. Daarna is alle instruksies en verduidelikings in Afrikaans en Engels gegee. Geleentheid is aan die deelnemers gegee om vrae te vra oor onduidelikhede.

Elke klasgroep is in twee subgroepe, A en B, verdeel. Groep A het bestaan uit die studente wat hul ouers beslis binne die volgende twee weke sou sien en groep B het bestaan uit die studente wat nie hul ouers binne die volgende twee weke sou sien nie. Die deelnemers in groep B het elk 'n kaartjie ontvang waarop hul ouer(s) se titel, volle name en van, asook hul posadres en taalvoorkeur aangebring moes word. Die kaartjies is daarna ingeneem om die hoeveelheid koeverte wat aan die ouers gepos moes word, te bepaal. Elke student (groep A en B) het vyf vraelyste ontvang. Dit is die Biografiese vraelys, 'n Vraelys oor die benutting van bronne, 'n Lewensoriënteringsvraelys (SOC), 'n Gesinskoherensievraelys (FSOC), en 'n Gesinskrisisgeoriënteerde Persoonlike Evaluasieskaal (F-COPES). Alle instruksies vir die voltooiing van die vraelyste is duidelik oorgedra, en alle vrae en onduidelikhede is deur die navorser tydens die sessie opgeklaar. Na voltooiing van die vraelyste is die deelnemers van groep A gevra om hul vraelyste apart in te handig. Soos wat elke deelnemer die lokaal verlaat het, is 'n gefrankeerde koevert met twee vraelyste in die taalvoorkeur van die ouer(s) (Afrikaans of Engels) asook 'n volledige dekbrieff waarin die doel van die studie, alle instruksies en die kontaknummer van die navorser aangedui is, aan die studente gegee. Die Gesinskoherensievraelys en die Gesinskrisisgeoriënteerde Persoonlike Evaluasieskaal is aan die ouers gestuur vir voltooiing. Die vraelyste en instruksies moes persoonlik deur die student aan die gekose ouer (vader of moeder) oorhandig word vir voltooiing.

Deelnemers van groep B ( $n = 10$ ) is gevra om hul vraelyste ook in te handig. Hulle is ingelig dat 'n gefrankeerde koevert met die vraelyste en instruksies soos bo gemeld aan hul ouer(s) gepos sou word vir voltooiing. Anonimiteit en vrywillige deelname is aan die ouer(s) verseker. Die vraelyste moes binne twee weke na ontvangs teruggepos word. Dieselfde prosedure is vir elke klasgroep gevolg. Twee honderd en vyftig vrywillige deelnemers is geïdentifiseer en 250 stelle vraelyste is terug ontvang. Van die 250 koeverte wat aan die ouers gestuur is, is 152, waarvan 7 onvolledig was, terug ontvang. 'n Totaal van 145 (58%) volledig voltooide vraelyste van ouers en studente is vir ontledingsdoeleindes gebruik. Die vraelyste is oor 'n periode van 5 weke terug ontvang. Na ontvangs van die vraelyste is dit nagesien en is die datalêers vir statistiese doeleindes voorberei.

## RESULTATE

Die resultate dui daarop dat daar 'n positiewe en beduidende verband bestaan tussen 'n gevoel van koherensie (gesins- en persoonlike) en die effektiewe benutting van eksterne en interne ondersteuningbronne deur eerstejaarstudente tydens krisissituasies. Die resultate dui verder daarop dat daar beduidende verskille bestaan tussen die studente en die ouers se belewing van die tipe hanteringstrategieë wat deur die gesin gebruik word tydens krisissituasies.

Van die 145 studentedeelnemers het 5 aangedui dat hul nog nie ondersteuningsbronne benut het of sou benut nie, 99 het aangedui dat hul reeds bronne benut het en 41 het aangedui dat, alhoewel hul nog nie bronne benut het nie, hul wel bronne tydens 'n krisissituasie sou benut indien nodig. In die verdere rapportering word die data van die vyf deelnemers wat aangedui het dat hul geensins bronne benut het of sou benut het nie, weggelaat. Aangesien 'n klein aantal deelnemers die belangrikheid van die ondersteuningsbronne op die subskale 1 = geensins belangrik, 2 = effe belangrik en 3 = redelik belangrik van die 5-punt Likert-tipe skaal aangedui het, is dit vir verdere bespreking in een kategorie, kategorie 3 (= redelik belangrik), saamgevat. Die belangrikheid van die ondersteuningsbronne word vir verdere bespreking in drie frekwensiekategorieë, 3 = redelik belangrik, 4 = belangrik en 5 = uiters belangrik, gerapporteer. Om die belangrikheid van bronbenutting te bepaal is daar onderskei tussen die 99 studente wat reeds ondersteuningsbronne benut het (HET = 1) en die 41 studente wat, alhoewel hulle dit nog nie nodig gevind het nie, wel bronne sou benut het (HET = 6) tydens krisissituasies. Die twee groepe is vergelyk ten opsigte van die drie subskale van gesinskoherensie, naamlik: verstaanbaarheid (FSOCCS) ( $\bar{X}_1 = 43.82$ , SA = 6.91;  $\bar{X}_6 = 41.32$ , SA = 8.38;  $t = 1.83$ ,  $p = 0.07$ ), hanteerbaarheid (FSOCMAS) ( $\bar{X}_1 = 46.77$ , SA = 7.73;  $\bar{X}_6 = 46.20$ , SA = 8.28;  $t = 0.39$ ,  $p = 0.70$ ), en betekenisvolheid (FSOCMES) ( $\bar{X}_1 = 49.43$ , SA = 8.70;  $\bar{X}_6 = 47.20$ , SA = 11.34;  $t = 1.26$ ,  $p = 0.21$ ), asook die totaalstelling van gesinskoherensie (FSOCTOTS) ( $\bar{X}_1 = 140.02$ , SA = 21.08;  $\bar{X}_6 = 134.71$ , SA = 26.60;  $t = 1.25$ ,  $p = 0.21$ ). Behalwe miskien in die geval van die verstaanbaarheidsubskaal van gesinskoherensie (FSOCCS), is daar geen aanduiding dat die gemiddeldes van die subgroepe beduidend van mekaar verskil ten opsigte van die verskillende dimensies van gesinskoherensie nie. 'n Vergelyking van die ooreenstemmende twee groepe ouers ten opsigte van die gesinskoherensiemetings lewer soortgelyke resultate as dié van die studente, dit wil sê geen beduidende verskille tussen die groepe ouers nie. In die verdere ontledings word die twee groepe as 'n eenheid hanteer wanneer daar na die belangrikheid van bronbenutting verwys word.

Ten einde die verband tussen gesinskoherensie en die mate van benutting van ondersteuningsbronne deur studente verder te ondersoek, is die belangrikheid van die benutting van ondersteuningsbronne vir die onderskeie komponente van gesinskoherensie met behulp van 'n analise van variansie ondersoek. In Tabel 1 word verskille tussen groepe asook die verband tussen gesinskoherensie (FSOC) en die belangrikheid van ondersteuningsbronne getoon.

Tabel 1

Die Verskille en Verband tussen Studente se Gesinskoherensie (FSOC) volgens die Belangrikheid van Ondersteuningsbronne (Bel) (n = 140)

| Bel            | f  | FSOCCS    |      | FSOCMAS   |      | FSOCMES   |       | FSOCTOTS  |       |
|----------------|----|-----------|------|-----------|------|-----------|-------|-----------|-------|
|                |    | $\bar{X}$ | SA   | $\bar{X}$ | SA   | $\bar{X}$ | SA    | $\bar{X}$ | SA    |
| 3              | 28 | 37.46     | 8.42 | 39.79     | 7.48 | 40.43     | 11.16 | 117.68    | 24.81 |
| 4              | 40 | 43.60     | 7.22 | 46.72     | 8.16 | 48.40     | 9.21  | 138.73    | 22.58 |
| 5              | 72 | 44.99     | 6.01 | 49.18     | 6.18 | 52.24     | 6.73  | 146.40    | 16.57 |
| F              |    | 12.15     |      | 17.87     |      | 19.52     |       | 20.34     |       |
| vg             |    | 2,137     |      | 2,137     |      | 2,137     |       | 2,137     |       |
| p              |    | <0.001    |      | <0.001    |      | <0.001    |       | <0.001    |       |
| r <sub>s</sub> |    | 0.31      |      | 0.40      |      | 0.42      |       | 0.41      |       |

Nota. Bel (Frekwensie) dui op drie kategorieë van belangrikheid van bronbenutting waar 3 = redelik belangrik, 4 = belangrik en 5 = uiters belangrik is. FSOCCS, FSOCMAS, FSOCMES en FSOCTOTS dui onderskeidelik op die komponente verstaanbaarheid, hanteerbaarheid, betekenisvolheid en die totaalstelling van gesinskoherensie

Volgens Tabel 1 is daar statisties beduidende verskille tussen die subgroepgemiddeldes. Die positiewe korrelasies (Spearman-rangordekorrelasies) in Tabel 1 dui daarop dat hoe groter die gemiddelde gesinskoherensietellings van die studente word, hoe groter word die belangrikheid van die benutting van ondersteuningsbronne. Onder 'n nulhipotese van onafhanklikheid van byvoorbeeld FSOCCS en Belangrikheid (Bel) is die standaardfout van  $r_s$   $1/\sqrt{N-1} = 0.085$ . Al die korrelasiekoëffisiënte verskil dus beduidend van nul.

Scheffe post hoc-ontledings is gedoen om te bepaal tussen watter gemiddeldes in Tabel 1 daar beduidende verskille bestaan. Die boonste en onderste grense van 'n 95%-vertrouensinterval vir elke groep gemiddeldes in Tabel 1 is bereken. Alhoewel daar verskille binne die gesinskoherensiesubskaal- en totaal telling gemiddeldes binne die drie kategorieë van belangrikheid voorkom, is die post hoc-vergelyking slegs vir die totaal tellings gedoen. Die verskil tussen gemiddeldes van Bel = 3 en Bel = 4 is  $117.68-138.73 = -21.05$  en die grense is  $(-30.90,-11.20)$ , Bel = 3 en Bel = 5 is  $117.68-146.40 = -28.72$  en die grense is  $(-37.63,-19.82)$ , en Bel = 4 en Bel = 5 is  $138.73-146.40 = -7.67$  en die grense is  $(-15.56,0.21)$ . Hierdie resultate dui daarop dat die gemiddelde by Bel = 3 beduidend van die ander gemiddeldes verskil. Die tendens dat gemiddelde gesinskoherensietotaal tellings (FSOCTOTS) groter word met groter Belangrikheid (Bel) word ook gestaaf deur hierdie resultate.

Ten einde die verband tussen 'n persoonlike gevoel van koherensie (SOC) en die belangrikheid van die benutting van ondersteuningsbronne deur studente te ondersoek, is 'n analise van variansie gedoen. Die resultate word in Tabel 2 getoon.

Tabel 2

Die Verskille en Verband tussen Studente se Persoonlike Gevoel van Koherensie (SOC) volgens die Belangrikheid van Ondersteuningsbronne (Bel) (n = 140)

| Bel   | f  | SOCCS     |      | SOCMAS    |       | SOCMES    |      | SOCTOTS   |       |
|-------|----|-----------|------|-----------|-------|-----------|------|-----------|-------|
|       |    | $\bar{X}$ | SA   | $\bar{X}$ | SA    | $\bar{X}$ | SA   | $\bar{X}$ | SA    |
| 3     | 28 | 41.50     | 7.44 | 44.64     | 10.06 | 39.25     | 9.47 | 125.39    | 24.01 |
| 4     | 40 | 42.88     | 8.38 | 46.75     | 8.45  | 41.73     | 7.51 | 131.35    | 19.85 |
| 5     | 72 | 44.06     | 8.44 | 48.88     | 7.75  | 44.90     | 6.27 | 137.83    | 19.91 |
| F     |    | 1.02      |      | 2.70      |       | 6.62      |      | 3.92      |       |
| vg    |    | 2,137     |      | 2,137     |       | 2,137     |      | 2,137     |       |
| p     |    | 0.365     |      | 0.071     |       | 0.002     |      | 0.022     |       |
| $r_s$ |    | 0.13      |      | 0.20      |       | 0.30      |      | 0.24      |       |

Nota. Bel (Frekwensie) dui op drie kategorieë van belangrikheid van bronbenutting waar 3 = redelik belangrik, 4 = belangrik en 5 = uiters belangrik is. SOCCS, SOCMAS, SOCMES en SOCTOTS dui onderskeidelik op die komponente verstaanbaarheid, hanteerbaarheid, betekenisvolheid en die totaal telling van die persoonlike gevoel van koherensie (SOC)

Volgens Tabel 2 is daar statisties beduidende verskille tussen die subgroepgemiddeldes. Die positiewe korrelasies (Spearman-rangordekorrelasies) in Tabel 2 dui daarop dat hoe groter die individuele gevoel van koherensie van die student word, hoe groter word die belangrikheid van die benutting van ondersteuningsbronne (Bel). Onder 'n nulhipotese van onafhanklikheid van byvoorbeeld SOCCS en Belangrikheid (Bel) is die standaardfout van  $r_s$   $1/\sqrt{N-1} = 0.085$ . Al die korrelasiekoëffisiënte verskil dus beduidend van nul.

Scheffe post hoc-ontledings is gedoen om aan te dui tussen watter gemiddeldes in Tabel 2 daar beduidende verskille bestaan. Die boonste en onderste grense van 'n 95%-vertrouensinterval vir elke groep gemiddeldes in Tabel 2 is bereken. Alhoewel daar verskille binne die persoonlike gevoel van koherensiesubskaal- en totaalteilinggemiddeldes voorkom, is die post hoc-vergelyking slegs vir die totaalteilinge gedoen. Die verskil tussen gemiddeldes van Bel = 3 en Bel = 4 is  $125.39-131.35 = -5.96$  en die grense is  $(-16.07,4.16)$ , Bel = 3 en Bel = 5 is  $125.39-137.83 = -12.44$  en die grense is  $(-21.58,-3.30)$ , en Bel = 4 en Bel = 5 is  $131.35-137.83 = -6.48$  en die grense is  $(-14.58,1.61)$ . Hierdie resultate dui daarop dat die gemiddelde by Belangrikheid (Bel) = 3 beduidend van die gemiddelde by Belangrikheid (Bel) = 5 verskil. Die tendens dat die gemiddelde individuele koherensietotaalteiling (SOCTOT) groter word met groter Belangrikheid (Bel), word ook gestaaf deur hierdie resultate.

Die voorafgaande twee analyses maak die vergelyking tussen gesinskoherensie (FSOC) en die ooreenkomstige mate van bronbenutting en 'n persoonlike gevoel van koherensie (SOC) en die ooreenkomstige mate van bronbenutting betekenisvol. Wanneer Tabele 1 en 2 vergelyk word is dit duidelik dat daar groter verskille bestaan tussen die subgroepgemiddeldes van gesinskoherensie (FSOC) en die ooreenstemmende mate van belangrikheid van bronbenutting (Bel), as tussen 'n persoonlike gevoel van koherensie en die ooreenstemmende mate van belangrikheid van bronbenutting (Bel).

Om te bepaal of daar 'n verband is tussen die ouers se evaluasie van die gesin se koherensie (FSOC) en die belangrikheid van die benutting van ondersteuningsbronne (Bel) deur die studente, is 'n analise van variansie gedoen. In Tabel 3 word die verskille tussen groepe getoon asook die verband tussen die ouers se persepsie van die gesinskoherensie en die ooreenstemmende belangrikheid van die ondersteuningsbronne soos aangedui deur die studente.

Tabel 3

Die Verskille en Verband tussen Ouers se Evaluasie van Gesinskoherensie volgens die Belangrikheid van die Ondersteuningsbronne deur die Studente (n = 140)

| Bel            | f  | FSOCCS    |      | FSOCMAS   |      | FSOCMES   |      | FSOCTOTS  |       |
|----------------|----|-----------|------|-----------|------|-----------|------|-----------|-------|
|                |    | $\bar{X}$ | SA   | $\bar{X}$ | SA   | $\bar{X}$ | SA   | $\bar{X}$ | SA    |
| 3              | 28 | 42.46     | 6.96 | 48.79     | 8.30 | 51.21     | 7.20 | 142.46    | 21.65 |
| 4              | 40 | 42.50     | 7.78 | 48.40     | 7.98 | 52.50     | 6.91 | 143.40    | 21.15 |
| 5              | 72 | 44.71     | 7.05 | 49.56     | 7.85 | 53.08     | 8.20 | 147.35    | 21.21 |
| F              |    | 1.64      |      | 0.29      |      | 0.60      |      | 0.74      |       |
| vg             |    | 2,137     |      | 2,137     |      | 2,137     |      | 2,137     |       |
| p              |    | 0.20      |      | 0.75      |      | 0.55      |      | 0.48      |       |
| r <sub>s</sub> |    | 0.15      |      | 0.04      |      | 0.14      |      | 0.11      |       |

Nota. Bel (Frekwensie) dui op drie kategorieë van belangrikheid van bronbenutting waar 3 = redelik belangrik, 4 = belangrik en 5 = uiters belangrik is. FSOCCS, FSOCMAS, FSOCMES en FSOCTOTS dui onderskeidelik op die komponente verstaanbaarheid, hanteerbaarheid, betekenisvolheid en die totaalstelling van gesinskoherensie

Volgens Tabel 3 is dit duidelik dat daar geen statisties beduidende verskille tussen die gemiddeldes vir enige van die komponente van gesinskoherensie en die drie Belangrikheidssubgroepe voorkom nie. Dit word bevestig deur die lae Spearman-rangordekorrelasies.

Om te bepaal of daar verskille tussen die 23 manlike ( $\bar{X} = 129.0$ , SA = 25.2) en 122 vroulike ( $\bar{X} = 134.1$ , SA = 20.23) studente se persoonlike gevoel van koherensie (totaaltellings) en die belangrikheid van die benutting van ondersteuningsbronne bestaan, is 'n tweerigtinganalise van variansie gedoen. Die resultate word in Tabel 4 getoon.

Tabel 4

Resultate van 'n Tweerigting-analise van Variansie vir Manlike en Vroulike Studente se Persoonlike Gevoel van Koherensie (Totaaltellings) en die Belangrikheid van die Benutting van Ondersteuningsbronne (N = 145)

|               | Vg  | Sk      | Sk/Vg  | F    | p     |
|---------------|-----|---------|--------|------|-------|
| Geslag        | 1   | 192.6   | 192.6  | 0.44 | 0.508 |
| Belangrikheid | 2   | 2813.8  | 1406.9 | 3.21 | 0.043 |
| Geslag*Bel    | 2   | 276.7   | 138.3  | 0.32 | 0.730 |
| Residue       | 134 | 58671.2 | 437.8  |      |       |

Nota. Vg = die aantal vryheidsgrade en Sk = die som van die kwadrate

Volgens Tabel 4 is dit duidelik dat daar 'n statisties beduidende verskil is tussen die studente se beleving van 'n persoonlike gevoel van koherensie en die belangrikheid van bronbenutting (volgens die drie kategorieë van belangrikheid). Volgens die belangrikheidskategorieë van bronbenutting is daar nie 'n verskil tussen die geslagte nie.

Om te bepaal of daar verskille tussen die manlike ( $\bar{X} = 125.22$ ; SA = 26.09) en vroulike ( $\bar{X} = 140.83$ ; SA = 21.55) studente se evaluasie van hul gesinskoherensie (totaaltellings) en die belangrikheid van die benutting van ondersteuningsbronne bestaan, is 'n tweerigtinganalise van variansie gedoen. Die resultate word in Tabel 5 getoon.



Tabel 5

Resultate van 'n Tweerigting-analise van Variansie vir Manlike en Vroulike Studente se Evaluasie van Gesinskoherensie (Totaaltellings) en die Belangrikheid van die Benutting van Ondersteuningsbronne (N = 145)

|               | Vg  | Sk      | Sk/Vg  | F     | p     |
|---------------|-----|---------|--------|-------|-------|
| Geslag        | 1   | 3212.9  | 3212.9 | 8.20  | 0.005 |
| Belangrikheid | 2   | 12770.8 | 6385.4 | 16.30 | 0.000 |
| Geslag*Bel    | 2   | 720.2   | 360.1  | 0.92  | 0.401 |
| Residue       | 134 | 52480.6 | 391.6  |       |       |

Nota. Vg = die aantal vryheidsgrade en Sk = die som van die kwadrate

Volgens Tabel 5 is dit duidelik dat daar 'n statisties beduidende verskil is tussen die studente se beleving van gesinskoherensie en die belangrikheid van bronbenutting (volgens die drie kategorieë van belangrikheid). Verder is dit duidelik dat daar 'n statisties beduidende verskil is tussen die manlike en vroulike studente se beleving van gesinskoherensie en die ooreenkomstige belangrikheid van bronbenutting.

Aangesien sterk gesinskoherensie aanduidend kan wees van 'n sterk persoonlike koherensie, en andersom, is dit belangrik om te bepaal of daar 'n verband bestaan tussen die konstrunkte. In Tabel 6 word die korrelasiekoëffisiënte tussen die subskaal- en totaaltellings van al 145 studente getoon.

Tabel 6

Pearson-produktmoment-korrelasiekoëffisiënte tussen die Studente se Persoonlike Gevoel van Koherensie (SOC) en hulle Evaluering van Gesinskoherensie (FSOC) (N = 145)

|          | SOC   | SOCMA | SOCME | SOCTOT |
|----------|-------|-------|-------|--------|
| FSOCCS   | 0.408 | 0.498 | 0.558 | 0.564  |
| FSOCMAS  | 0.377 | 0.555 | 0.600 | 0.590  |
| FSOCMES  | 0.329 | 0.459 | 0.586 | 0.528  |
| FSOCTOTS | 0.400 | 0.545 | 0.633 | 0.607  |

Nota. 'n Korrelasiekoëffisiënt met waarde groter as 0.163 is beduidend op die 5%-vlak. SOCC, SOCMA, SOCME en SOCTOT dui onderskeidelik op die komponente verstaanbaarheid, hanteerbaarheid, betekenisvolheid en die totaalstelling van die persoonlike gevoel van koherensie (SOC). FSOCCS, FSOCMAS, FSOCMES en FSOCTOTS dui onderskeidelik op die komponente verstaanbaarheid, hanteerbaarheid, betekenisvolheid en die totaalstelling van gesinskoherensie

Uit Tabel 6 is dit duidelik dat daar 'n sterk positiewe verband tussen al die subskaal- en totale tellings bestaan. Dit is verder opvallend dat die korrelasies tussen die persoonlike betekenisvolheidssubskaal (SOCME) en die vier gesinskoherensie-aspekte (die drie subskale en die totale skaal) in alle gevalle die sterkste is.

Om te bepaal of daar verbande tussen die studente en die ouer(s) se evaluering van die gesinskoherensie (FSOC) bestaan, is Pearson-produktmoment-korrelasies bereken. Die berekende koëffisiënte word in Tabel 7 getoon.

Tabel 7

Pearson-produktmoment-korrelasiekoëffisiënte tussen die Studente (N = 145) en die Ouers (N = 145) se Evaluering van Gesinskoherensie

|                  | FSOC (Student) |              |               | Totaal |
|------------------|----------------|--------------|---------------|--------|
|                  | Verstaanbaarh  | Hanteerbaarh | Betekenisvolh |        |
| FSOC (Ouer)      |                |              |               |        |
| Verstaanbaarheid | 0.424          | 0.347        | 0.314         | 0.388  |
| Hanteerbaarheid  | 0.313          | 0.348        | 0.286         | 0.341  |
| Betekenisvolheid | 0.388          | 0.353        | 0.405         | 0.417  |
| Totaal           | 0.402          | 0.376        | 0.360         | 0.411  |

Nota. 'n Korrelasiekoëffisiënt met waarde groter as 0.163 is beduidend op die 5%-vlak. FSOC dui op die gesinskoherensie van die studente en ouers

Volgens Tabel 7 is alle korrelasies tussen die studente en hulle ouers se evaluering van die gesinskoherensie (FSOC) beduidend positief. Die sterkste korrelasies is dié tussen die verstaanbaarheids- ( $r = 0.42$ ) en die betekenisvolheidkomponente ( $r = 0.41$ ) van die twee veranderlikes.

Vervolgens is die verband tussen gesinskoherensie (FSOC) en die tipe hanteringstrategie (F-COPES) wat in die ouerhuis tydens krisissituasies gebruik word, ondersoek. Tabel 8 toon die afsonderlike korrelasies tussen tellings behaal deur die studente en die ouers op die FSOC en F-COPES vraelyste.

Tabel 8

Pearson-produktmoment-korrelasiekoëffisiënte tussen die FSOC en F-COPES Subskaal- en Totaaltellings van die Studente (N = 145) en hulle Ouers (N = 145)

|         | Gesinskoherensie (Student) |       |       |       | Gesinskoherensie (Ouer) |       |       |       |
|---------|----------------------------|-------|-------|-------|-------------------------|-------|-------|-------|
|         | C                          | MA    | ME    | TOT   | C                       | MA    | ME    | TOT   |
| F-COPES |                            |       |       |       |                         |       |       |       |
| 1       | 0.450                      | 0.475 | 0.532 | 0.532 | -0.073                  | 0.017 | 0.116 | 0.022 |
| 2       | 0.312                      | 0.421 | 0.370 | 0.401 | 0.392                   | 0.452 | 0.490 | 0.480 |
| 3       | 0.314                      | 0.312 | 0.367 | 0.363 | -0.041                  | 0.008 | 0.078 | 0.017 |
| 4       | 0.279                      | 0.321 | 0.260 | 0.310 | -0.061                  | 0.052 | 0.089 | 0.030 |
| 5       | 0.202                      | 0.218 | 0.244 | 0.243 | 0.033                   | 0.077 | 0.029 | 0.050 |
| Totaal  | 0.526                      | 0.589 | 0.603 | 0.626 | 0.091                   | 0.238 | 0.334 | 0.240 |

Nota. 'n Korrelasiekoëffisiënt met waarde groter as 0.163 is beduidend op die 5%-vlak. C, MA, ME en TOT dui onderskeidelik op die komponente verstaanbaarheid, hanteerbaarheid, betekenisvolheid en die totaalstelling van gesinskoherensie. F-COPES dui op die gesin se hanteringstrategieë: 1 = verkryging van sosiale ondersteuning, 2 = herformulering van die probleem, 3 = die soeke na religieuse ondersteuning, 4 = die mobilisering van die gesin om hulp te verkry en te aanvaar en 5 = passiewe waardering van die probleem

Uit Tabel 8 is dit duidelik dat daar beduidende verskille is tussen die studente en hul ouers se beleving van gesinskoherensie (FSOC) en die tipe hanteringstrategieë (F-COPES) wat volgens hulle deur die gesin gebruik word tydens krisissituasies. Daar is deurgaans baie sterker verbande tussen die studente se beleving van gesinskoherensie en die tipes hanteringstrategieë as wat daar by die ouers bestaan. Opvallende statisties beduidende korrelasies bestaan tussen die drie gesinskoherensie-subskaalteellings (verstaanbaarheid, hanteerbaarheid en betekenisvolheid) en totaalstelling van die studente en die eksterne hanteringstrategie, die verkryging van sosiale ondersteuning (F-COPES subskaal 1) en die F-COPES totaalteellings.

Daar bestaan statisties beduidende korrelasies slegs tussen die drie subskaalteellings (verstaanbaarheid, hanteerbaarheid en betekenisvolheid) en die totaalstelling van die ouers se beleving van gesinskoherensie en die interne hanteringstrategie, herformulering van die probleem (F-COPES subskaal 2).

Om te bepaal of studente en hul ouers die gebruik van hanteringstrategieë deur die gesin verskillend beoordeel het, is t-toetse vir onafhanklike pare gedoen. Die resultate word in Tabel 9 getoon.

Tabel 9

Studente (N = 145) en hul Ouers (N = 145) se Beoordeling van Gesinshanteringstrategieë

|                           | Student   |       | Ouer      |       | t     | p       |
|---------------------------|-----------|-------|-----------|-------|-------|---------|
|                           | $\bar{X}$ | SA    | $\bar{X}$ | SA    |       |         |
| F-COPES                   |           |       |           |       |       |         |
| Sosiale ondersteuning     | 29.586    | 5.204 | 27.372    | 6.031 | 3.86  | 0.0002* |
| Herformulering v probleem | 31.648    | 3.718 | 32.200    | 4.063 | -1.47 | 0.14    |
| Religie                   | 15.483    | 3.100 | 15.903    | 2.886 | -1.63 | 0.11    |
| Gesinsmobilisering        | 11.186    | 2.984 | 12.559    | 3.594 | -3.33 | 0.0002* |
| Passiewe waardering       | 14.145    | 2.339 | 15.917    | 2.832 | -6.60 | 0.0000* |
| Totaal                    | 102.05    | 10.99 | 103.95    | 9.95  | -1.77 | 0.079   |

\* $p < 0.05$

Uit Tabel 9 is dit duidelik dat daar beduidende verskille tussen die studente en hulle ouers se beleving van die tipes hanteringstrategieë wat deur die gesin tydens krisissituasies gebruik word, bestaan. Beduidende verskille bestaan in die evaluering van die gesin se verkryging van sosiale ondersteuning (F-COPES subskaal 1), die mobilisering van die gesin om hulp te verkry en te aanvaar (F-COPES subskaal 4) en die gesin se passiewe waardering van 'n probleem (F-COPES subskaal 5).

## BESPREKING EN GEVOLGTREKKING

Die hoofdoelstelling van hierdie ondersoek was om die verband te bepaal tussen 'n gevoel van koherensie (gesins- en persoonlike) en die mate waarin eerstejaarstudente van interne en eksterne ondersteuningsbronne tydens krisissituasies gebruik maak. 'n Verdere doelstelling was om te bepaal of studente en hulle ouers ooreenstem ten opsigte van die hanteringstyle wat in hul gesinne gebruik word.

Volgens die resultate was daar 'n beduidende positiewe verband tussen beide die studente se belewing van gesinskoherensie asook hul persoonlike gevoel van koherensie en die belangrikheid van die benutting van ondersteuningsbronne (vergelyk Tabela 1 en 2). Dit bevestig Gottlieb (1998) se bevindinge in 'n studie met enkelmoeders van gestremde kinders dat die gevoel van koherensie positief verband hou met die benutting van verskeie interne en eksterne ondersteuningsbronne. Strümpfer (1990) wys ook daarop dat persone met 'n sterker gevoel van koherensie meer geneig is tot groter gereedheid en bereidheid om potensiële ondersteuningsbronne te ondersoek.

Op grond van die belangrikheid van die benutting van ondersteuningsbronne, is groter verskille gevind tussen die studente se gesinskoherensietellings as tussen hulle persoonlike koherensietellings (vergelyk Tabela 1 en 2). Dit beteken dat daar 'n sterker verband was tussen die belangrikheid wat eerstejaarstudente aan bronbenutting heg tydens krisissituasies en die mate van gesinskoherensie wat beleef word as wat daar was tussen die belangrikheid wat aan ondersteuningsbronne geheg is en die belewing van 'n persoonlike gevoel van koherensie. Op grond van die belangrikheid van ondersteuningsbronne wat studente benut het of sou benut, was daar 'n sterk positiewe verband tussen laasgenoemde en die studente se evaluering van hulle gesinne se gevoel van beheer tydens 'n krisissituasie. Hierdie tendens was nie waar net vir die totale evaluasies van die belangrikheid van bronbenutting en die belewing van gesinskoherensie nie, maar ook vir die afsonderlike fasette van gesinskoherensie (vergelyk Tabel 1). Dit is dus makliker om die belangrikheid van die benutting van ondersteuningsbronne deur eerstejaarstudente op grond van die belewing van gesinskoherensie te bepaal as op grond van die belewing van 'n persoonlike gevoel van koherensie (vergelyk Tabel 1). Nogtans was daar ook beduidende positiewe korrelasies tussen die studente se belewing van 'n persoonlike gevoel van koherensie en die belangrikheid wat aan die benutting van ondersteuningsbronne geheg word (vergelyk Tabel 2).

Op grond van die resultate blyk dit dat die verband tussen die belangrikheid van bronbenutting en die gesinne se belewing van die verstaanbaarheid van 'n krisissituasie (volgens die studente) opvallend minder is as tussen die ander twee komponente van gesinskoherensie en die belangrikheid van bronbenutting (vergelyk Tabel 1). Hiervolgens sal die gesinne (en dus ook die gesinslede) meer geneig wees om bronne te benut op grond van 'n groter belewing van betekenisvolheid en hanteerbaarheid in 'n krisissituasie as op grond van die verstaanbaarheid daarvan. Dit is ook duidelik dat die verband tussen die belangrikheid van bronbenutting en die studente se belewing van die betekenisvolheid van 'n krisissituasie opvallend sterker is as tussen die ander twee komponente van persoonlike koherensie en die belangrikheid van bronbenutting (vergelyk Tabel 2). Die studente sal dus meer geneig wees om bronne te benut indien daar 'n groter mate van betekenisvolheid in die krisissituasie is. Volgens Antonovsky (1987) dien betekenisvolheid, as maatstaf van energie en aksiepotensiaal, as 'n motiveringskomponent vir die individu (of gesin) se daadwerklike oorgang tot die effektiewe benutting van ondersteuningsbronne. Hierdie resultate dui dus daarop dat die studente en hulle gesinne (volgens die studente) 'n positiewe ingesteldheid tot krisissituasies sal hê en meer geneig sal wees om ondersteuningsbronne aktief te soek en te benut (Antonovsky, 1987; Strümpfer, 1990).

Die belangrikheid wat die studente aan die benutting van ondersteuningsbronne tydens krisissituasies sou heg kan nie bepaal word op grond van die ouers se belewing van gesinskoherensie nie. Ofskoon studente se belewing van gesinskoherensie en in 'n mindere mate hulle belewing van 'n persoonlike gevoel van koherensie, 'n sterk aanduiding is van hoe belangrik studente bronbenutting tydens krisissituasies beskou, kan daar volgens die resultate van hierdie studie nie 'n afleiding gemaak word omtrent die belangrikheid van bronbenutting vir studente op grond van hul ouers se belewing van gesinskoherensie nie (vergelyk Tabel 3).

Die resultate dui daarop dat daar nie beduidende verskille tussen manlike en vroulike studente se belewing van 'n persoonlike gevoel van koherensie was nie (vergelyk Tabel 4), terwyl daar wel beduidende verskille tussen manlike en vroulike studente se belewing van gesinskoherensie was (vergelyk Tabel 5). Of hierdie verskille in beoordeling van gesinskoherensie toegeskryf kan word aan 'n groter mate van emosionele losmaking van hulle gesinne af, sou in toekomstige ondersoeke bepaal kon word.

Aangesien sterk gesinskoherensie 'n aanduiding kan wees van 'n sterk persoonlike koherensie en andersom (Sagy & Antonovsky, 1992), is die verband tussen hierdie twee veranderlikes ook in hierdie ondersoek bepaal. 'n Positiewe verband is gevind tussen die studente se persoonlike gevoel van koherensie en hul beleving van gesinskoherensie (vergelyk Tabel 6). Antonovsky (1979) wys daarop dat individuele koherensie 'n rol speel in die beleving van gesinskoherensie.

